

Presidentsrede by die agt-en-tagtigste algemene jaarvergadering van aandeelhouers

Inleiding

Die afgelope jaar was 'n moeilike tydperk vir sowel die internasionale as die plaaslike ekonomie. Ten tye van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (die Bank) se vorige algemene jaarvergadering het ons die vroeë tekens van die subprima-verbandleningskrisis in die Verenigde State van Amerika (VSA) beleef, maar die volle implikasies was in daardie stadium nog nie sigbaar nie. 'n Jaar later sien ons die gevolge in die vorm van druk op internasionale finansiële markte en 'n verlansaming in die wêreld ekonomie. Hierdie verwikkelings is vererger deur volgehoue toenames in die pryse van 'n aantal kommoditeite, veral voedsel en olie, wat plaaslike en internasionale inflasie aangevuur het. Die Suid-Afrikaanse banksektor is redelik afgeskerm van hierdie onsekerheid in finansiële markte. Desondanks was groter waaksaamheid nodig in die toesig oor en regulering van die plaaslike banksektor en betaalstelsel, wat tot 'n ordelike finansiële markomgewing bygedra het.

Terselfdertyd moes monetêre beleid besondere uitdagings trotseer weens bewegings in relatiewe pryse en sterk binnelandse vraag, wat tot gevolg gehad het dat inflasie die mikpuntgebied oorskry het. Ter uitvoering van die mandaat om prysstabiliteit te bereik en te beskerm, het die Bank die monetêre beleidstand gedurende die afgelope jaar verstram. Daar is ook steeds gefokus op die effektiewe interne funksionering van die Bank. Dit is in hierdie verband dat ek vandag aan u verslag doen.

Vanjaar vorm 'n omvattende ekonomiese verslag deel van die Bank se jaarverslag aan aandeelhouers. Hierdie ekonomiese verslag is in vorige jare afsonderlik gepubliseer. Die ekonomiese verslag gee 'n ontleding van ontwikkelings in die plaaslike en internasionale ekonomie gedurende die oorsigjaar, en beklemtoon veral gebeure wat 'n invloed op die bedrywighede en beleidstoepassing van die Bank gehad het. Hierdie rede fokus op die belangrikste bedrywighede van die Bank.

Monetêre beleid

Die uitdagings wat monetêre beleid in die gesig staar, het die afgelope jaar verdiep. Sterk plaaslike vraagdruk en groot en volgehoue toenames in internasionale olie- en voedselpryse het inflasie aanvanklik beïnvloed. In April 2007 het VPIX-inflasie bokant die mikpuntgebied van 3 tot 6 persent beweeg en sedertdien het dit onverpoos gestyg. In Julie 2008 het VPIX-inflasie 'n vlak van 13,0 persent bereik.

Die Monetêrebeleidskomitee (MBK) het deurlopend besef dat monetêre beleid min kan doen om die onmiddellike gevolge van eksogene relatiewe prysveranderings op plaaslike inflasie te vermy. Monetêre beleid moet daarop fokus om te voorkom dat hierdie onmiddellike gevolge in 'n algemene of breed-gebaseerde styging in inflasie oorspoel. Die bestuur van inflasieverwagtings is 'n hoeksteen van hierdie beleid. Sonder gepaste beleidsoptrede sal die ankertou van inflasieverwagtings skiet gee, met gevolge vir prys- en loonvasstelling. Terwyl inflasiedruk aanvanklik oorwegend van eksogene bronne afkomstig was, het dit meer onlangs duidelik geword dat tweederondte-prysdruk toeneem. Gedurende die oorsigjaar het onderliggende inflasie deurlopend gestyg: in Julie 2007 het VPIX-inflasie met die uitsondering van voedsel en petrol 5,0 persent beloop, terwyl dit teen Julie 2008 tot 7,4 persent toegeneem het.

Daar was ook 'n mate van verswakking in inflasieverwagtings. Die inflasieverwagtings-opname wat die Buro vir Ekonomiese Onderzoek aan die Universiteit van Stellenbosch

namens die Bank onderneem, het getoon dat verwagtings gedurende die tweede helfte van 2007 binne die inflasiemikpuntgebied gebly het, hoewel daar 'n matige opwaartse neiging was. Dit was ten spyte van ongunstige inflasie-uitkomst. Die prentjie het egter gedurende 2008 verander, met verwagtings wat vir alle jare in die voorspellingstydperk beduidend bokant die inflasiemikpuntgebied beweeg het. Hierdie verswakking strook met ander markgebaseerde maatstawwe van inflasieverwagtings.

Gedurende die afgelope jaar was daar 'n aantal faktore wat 'n invloed op inflasie uitgeoefen en besluite oor monetêre beleid beïnvloed het. Dit het endogene en eksogene faktore ingesluit.

Die internasionale olieprys het steeds druk op binnelandse inflasie geplaas. Oliepryse is deur sterk wêreldvraag beïnvloed, meestal vanuit vinnig-groeiende ontluikende mark-ekonomieë, veral dié in Asië. Talryke ontwigtings in die olietoevoer, veral as gevolg van geopolitiese verwickelings en ongunstige weerstoestande, het ook die oliemark beïnvloed. Gevolglik het die prys van Brent-ruolie uit die Noordsee toegeneem van net meer as VSA\$50 per vat in Januarie 2007 tot 'n hoogtepunt van meer as VSA\$145 per vat in Julie 2008, voordat dit in onlangse weke teruggesak het. Die uitwerking van die internasionale olieprys en die wisselkoers van die rand het saam sedert September 2007 'n kumulatiewe toename van nagenoeg R2,75 per liter in plaaslike petrolpryse meegebring.

Ten spyte van 'n groter binnelandse mielie-oes en betreklik gunstige weerstoestande, het voedselpryse ook voortgegaan om opwaartse druk op inflasie te plaas. Faktore wat volgehoue druk op internasionale voedselpryse plaas, sluit in droogtetoestande in sommige gebiede, beperkings op uitvoer in 'n aantal lande, die verskuiwing van voedseloeste na biobrandstofproduksie, en 'n groter wêreldvraag aangedryf deur sterk groei en hoër inkomste, veral in ontluikende markte. Plaaslik het voedselpryse tussen Augustus 2007 en Julie 2008 gevolglik 4,1 persentasiepunte tot die gemiddelde VPIX-inflasiekoers van 9,3 persent bygedra.

Voedsel- en olieprysdruk het ook wêreldinflasie beïnvloed. Ten spyte van 'n algemene afswaai in meeste van die ontwikkelde ekonomieë, is monetêre beleid in verskeie lande die afgelope maande in reaksie op verhoogde inflasionêre druk verstram.

Sedert vroeg in 2008 het die wisselkoers ook 'n bedreiging vir inflasievoorsigte begin inhou. Die wisselkoers het op 'n aantal verwickelings gereageer, waaronder die groeiende tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans, elektrisiteitsonderbrekings, voorvalle van internasionale risikovermyding en bewegings in die VSA-dollar teenoor ander geldeenhe. Meer onlangs het die wisselkoers van die rand ietwat vanaf sy vroeëre laagtepunte verstewig. Die loonskikkingstendens het ook 'n groter risiko vir inflasievoorsigte ingehou. Nominale loonskikkings het oor die afgelope jaar toegeneem, hoewel dit gemiddeld nog laer as die inflasiekoers is, veral indien veranderings in produktiwiteit in ag geneem word.

Die ander binnelandse bepalers van inflasie is meestal goed in toom gehou, en was óf neutraal óf voordelig vir inflasieontwikkelings. Na 'n lang sloering het huishoudelike verbruiksbesteding 'n besliste reaksie op die strammer monetêre beleid getoon, ten spyte daarvan dat bankkredietverlening aan huishoudings slegs matig verlangsaam het. Veral die vraag na duursame goedere het op hoër nominale rentekoerse gereageer. Bateprysverwickelings, insluitende laer aandelepryse en 'n gedempte huismark, het die inflasiedruk wat normaalweg uit rykdomseffekte voortspruit, verminder. Produksiegroei, wat die afgelope vier jaar sowat 5 persent per jaar beloop het, het tekens van verlangsamings getoon en die ekonomie groei tans waarskynlik ietwat onder sy potensiaal. Fiskale beleid het monetêre beleid ook bly ondersteun.

Monetêre beleid is in antwoord op hierdie inflasieverwikkelings oor die afgelope jaar toenemend verstram. Die terugkoopkoers is telkens met 50 basispunte verhoog na afloop van vier van die ses MBK-vergaderings wat sedert die vorige algemene jaarvergadering gehou is. Sedert die verstrammingsiklus in Junie 2006 begin het, is die terugkoopkoers met 'n kumulatiewe 500 basispunte verhoog. In Januarie 2008 is rentekoerse onveranderd gelaat ten spyte van 'n effens ongunstiger inflasievoorspelling. Op daardie tydstip was die voorspellingsrisiko's min of meer dieselfde, maar die MBK het geoordeel dat die graad van hierdie risiko's effens getemper was. Hierdie oordeel het egter ten tye van die volgende vergadering verander in die lig van nuwe verwikkelings, wat voorspellingsrisiko's weens Eskom se aansoek vir 'n aansienlike verdere verhoging in die prys van elektrisiteit ingesluit het.

Tydens die jongste MBK-vergadering in Augustus 2008 is besluit om die monetêre beleidstand onveranderd te hou. Die komitee het besluit dat hoewel inflasierisiko's aan die oorskrydingskant voortgeduur het, die graad van risiko ietwat afgeneem het, veral in die lig van die volgehoue verlangsaming in huishoudelike verbruiksbesteding, die verbreding van die uitsetgaping en laer internasionale oliepryse. Die Bank se inflasievoorspelling het getoon dat inflasie na verwagting in die derde kwartaal van 2008 'n hoogtepunt sal bereik en daarna sal afneem om teen die tweede kwartaal van 2010 tot binne die mikpuntgebied terug te keer.

Die feit dat inflasie reeds vir 'n geruime tyd buite die mikpuntgebied is, word deur sommiges as 'n aanduiding beskou dat die inflasiemikpuntraamwerk misluk het. Daar word algemeen aanvaar dat 'n buigsame inflasiemikpuntbestel voorsiening moet maak vir afwykings van die mikpunt in die geval van eksogene skokke buite die beheer van die monetêre owerhede. Die plaaslike raamwerk maak wel voorsiening vir afwykings in sulke gevalle, ten einde uitsetwisselvalligheid te temper. Ten einde tweederondte-prysdruk te bekamp, is dit egter belangrik dat inflasieverwagtings stewig geanker bly. Versuim om te reageer sal onvermydelik meebring dat verwagtings ontkoppel, wat 'n verdere versnelling in inflasie sal meebring. Die Bank bly daartoe verbind om inflasie binne 'n redelike tydsbestek binne die mikpuntgebied terug te bring.

Bedrywighe in die geldmark

Die Bank bestuur die daaglikse likiditeitsbehoefte in die geldmark ten einde te verseker dat die monetêre beleidstand waarop die MBK besluit het, uitgevoer word. Gedurende die afgelope jaar is die daaglikse likiditeitsbehoefte tussen R6,6 miljard en R14,7 miljard gehou. Die aankoop van buitelandse betaalmiddele in die plaaslike valutamark skep rand-likiditeit wat geabsorbeer moet word om 'n likiditeitstekort in die geldmark te handhaaf. Likiditeit is op verskeie maniere gedreineer, insluitend deur Reserwebank-skuldbriewe uit te reik, langertermyn omgekeerde terugkoopvooreenkomste aan te gaan en die deposito's in die Nasionale Tesourie se sterilisasie rekening by die Bank te verhoog. Voorts het toenames in die waarde van note en munte in omloop en in die kontantreserwes van die handelsbanke ook likiditeit geabsorbeer.

Opbou en bestuur van reserwes

Die Bank het die vlak van amptelike bruto goud- en buitelandsevalutareseerwes verder verhoog. Bruto reserwes het van VSA\$29,8 miljard aan die einde van Augustus 2007 tot VSA\$34,3 miljard aan die einde van Augustus 2008 toegeneem. Gedurende dieselfde tydperk het die internasionale likiditeitsposisie van VSA\$27,4 miljard tot VSA\$33,5 miljard geklim. Hierbenewens het die Bank die vlak van geleende reserwes van nagenoeg VSA\$3,2 miljard teen die einde van Augustus 2007 tot VSA\$896 miljoen teen die einde

van Augustus 2008 afgebring. Geleende reserwes is verminder deur die delging van die oorblywende gedeelte van die sindikaatlening wat in 2005 aangegaan is.

Suid-Afrika tel onder 'n aantal ontluikendemarklande met 'n betreklik hoë tekort op die lopende rekening, wat die behoefte aan 'n gesonde vlak van reserwes beklemtoon. Die huidige vlak van reserwes laat Suid-Afrika min of meer in pas met baie van sy eweknieë onder die ontluikende markte, en dit voldoen ook aan die algemeen aanvaarde maatstawwe om die toereikendheid van reserwes te peil. Die Bank beskou egter nie die huidige vlak as buitensporig nie en sal waarskynlik voortgaan om die reserwes teen 'n gemaklike pas aan te vul wanneer markomstandighede dit toelaat.

Die verfyning van die reserwebestuursproses in die Bank is al vir etlike jare 'n strategiese fokusgebied, aangespoor deur die groter verantwoordelikheid wat met hoër reserwevlakke gepaard gaan. Hierdie verbetering het die afgelope jaar voortgeduur. Die fokuspunt gedurende die oorsigtydperk was die formulering van strategiese batetoedeling en die gedeeltelike implementering daarvan. Dit behels 'n risikobegroting om die aktiewe bestuur van reserwes te laat vlot, asook die kwantifisering van risikoverdraagsaamheid in die vorm van 'n tydsduurmikpunt vir elke geldeenheid. In ooreenstemming met hierdie ontwikkelings is intern-bestuurde portefeuljes van stapel gestuur ten einde nader aan die goedgekeurde strategiese batetoedeling te beweeg.

Verspreiding van betaalmiddele

Ter viering van voormalige President Nelson Mandela se 90ste verjaarsdag op 18 Julie 2008, het die Bank vyf miljoen paarmetaal R5-gedenkmunte uitgereik waarop die voormalige President uitgebeeld word. Daar is reëlings getref om hierdie spesiale gedenkmunt voor 18 Julie 2008 in al die provinsies te versprei ten einde te verseker dat dit landwyd op mnr. Mandela se verjaarsdag beskikbaar sou wees.

Nasionale betaalstelsel

In Maart 2008 het die Bank die tiende bestaansjaar van die Suid-Afrikaanse Veelvuldigegeuse-vereffeningstelsel (SAMOS) gevier. Gedurende 2008 is met 'n verbeterde weergawe van SAMOS begin om voorsiening te maak vir lewering-teen-betaling vir geldmarksekuriteite. Daar is met 'n verdere projek begin om die Suid-Afrikaanse vereffeningstelsel se infrastruktuur en toepassings te beoordeel en teen dié van ander sentrale banke op te weeg. Sakevoortsettingsbestuur het ook gedurende 2008 spesiale aandag gekry. Interbankverrekening en -vereffening is van sistemiese belang, en die Bank het met belanghebbende partye saamgewerk ten einde moontlike ontwigtings op hierdie gebied hok te slaan.

Die Bank se oorsigrol oor die nasionale betaalstelsel is verder ontwikkel. Voorskrifte rakende die optrede van derdeparty-diensverskaffers en operateurs in die betaalstelsel is onder meer uitgevaardig en het in Desember 2007 in werking getree. Hierdie voorskrifte is daarop gemik om te verseker dat die betaalstelsel veilig en doelmatig werk. Die Bank het ook 'n gesamentlike oorsigrol in die CLS-stelsel vir deurlopend geskakelde vereffening vervul, en in die Bank vir Internasionale Vereffening se subgroep vir vereffening in buitelandse betaalmiddele gedien.

As oorsigrolspeler het die Bank 'n adviesliggaam vir die nasionale betaalstelsel op die been gebring wat verteenwoordigend is van al die geregleerde belanghebbers binne die betaalstelsel. Hierdie adviesliggaam laat geregleerde bank- en nie-bankdeelnemers toe om verenigings te stig wat ledebelange by die adviesliggaam kan verteenwoordig.

Finansiële bestendigheid

Die veerkragtigheid van die wêreld se finansiële markte was die afgelope jaar onder groot druk na die wydverspreide uitwerking van negatiewe verwickelings in die behuisings- en subprima-verbandleningsmark in die VSA. As gevolg van die versekurerings van subprima-lenings was die uitwerking daarvan wyer as wat aanvanklik verwag is. Ontluikende markeconomieë in die algemeen, en Suid-Afrika in die besonder, het merkwaardige weerstand gebied te midde van hierdie onstuimigheid in finansiële markte. Die uitwerking op Suid-Afrika was onregstreeks, hoofsaaklik weens wisselvalligheid in finansiële markte en die voortspruitende ekonomiese verlangingsaming in die VSA en ander toonaangewende nywerheidslande.

Gedagtig aan die belangrikheid van 'n bestendige finansiële stelsel vir die Bank se vernaamste oogmerk, word gepoog om onderliggende gebreke in die finansiële stelsel te identifiseer en om risiko's wat versteurings in die finansiële stelsel kan veroorsaak, te ondervang. Die plaaslike finansiële stelsel is as kerngesond beoordeel aan die hand van 'n kwantitatiewe ontleding van 'n stel standaardaanwysers van finansiële welstand. Aan die hand van die finansiële stabiliteitsforum se twaalf sleutelstandaarde vir finansiële welstand, het die Bank ook 'n kwalitatiewe evaluering van die grondliggende robuustheid van die finansiële stelsel-omgewing gedoen. Dit toon 'n hoë vlak van algemene voldoening aan internasionale standaarde en beste gebruike.

Bankregulering en -toesighouding

As deel van die Bank se taak as banktoesighouer, is heelwat aandag aan die uitwerking van die internasionale finansiële markgebeure op die banksektor geskenk. Teen die middel van 2007 het die Bank sekere banke versoek om volledig oor hul blootstelling aan die heersende risiko's verslag te doen. Daar is bevind dat plaaslike banke geen regstreekse blootstelling aan die subprima-verbandleningsmark gehad het nie. Sekere banke se internasionale bedrywighede het wel beperkte blootstelling gehad. Nogtans was daar onregstreekse gevolge te bespeur, byvoorbeeld hoër koste van befondsing. In die lig van die gebeure in finansiële markte, tesame met spesifieke gebeure in sekere internasionale bankinstellings, het die Bank dit belangrik geag om gedurende 2008 die toepaslikheid van Suid-Afrikaanse banke se personeelaansporingskemas te begin evalueer.

Die inwerkingstelling van Basel II op 1 Januarie 2008 het 'n betekenisvolle verandering in die Suid-Afrikaanse raamwerk vir bankregulering en -toesighouding teweeggebring. Die implementering van Basel II is gekenmerk deur wye raadpleging; verskeie kwantitatiewe impakstudies en veldtoetse; wysigings aan die raamwerk vir regulering en toesighouding; en gereelde wisselwerking met alle Suid-Afrikaanse bankinstellings. Die gewysigde Bankwet, 1990 en Regulasies vir banke, sowel as die hersiene toesighoudingsproses, is terselfdertyd in werking gestel.

In noue samewerking met die Finansiële Intelligensiesentrum het die Bank volgehou om bankinstellings se nakoming van wetgewing teen geldwassery en die befondsing van terrorisme te kontroleer. Daarbenewens het die Bank in Augustus 2008 ook meegewerk aan die Finansiële Aksie-taakmag se gesamentlike evaluering van Suid-Afrika se stelsel teen geldwassery en die befondsing van terrorisme.

Internasionale samewerking

Die Afrika-kontinent en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) is steeds fokuspunte van die Bank se program vir internasionale verhoudings, terwyl inisiatiewe ter bevordering van streeksintegrasie momentum opbou. Die Bank is gasheer

vir die sekretariaat van die Komitee van Sentralebankpresidente (KSBP) in die SAOG en ondersteun deurlopend die inwerkingstelling van KSBP-projekte. Aansienlike vordering is gemaak in die KSBP-komitees wat gemoeid is met betaalstelsels, inligtingstegnologie, makro-ekonomiese sake, banktoesighouding en regskeppings. Hierdie vordering is aan die komitees oor finansies in die Parlement oorgedra ten einde bekragtiging te verkry van die SAOG se Finansiële en Investeringsprotokol (FIP), 'n sleutelinstrument ter bevordering van ekonomiese streeksintegrasie.

In ons verhoudings met multilaterale organisasies is werksaamhede op verskerpte deelname in sleutelforums soos die G-20 toegespits. Die voorsitterskap van die G-20 het aan die begin van hierdie jaar van Suid-Afrika na Brasilië oorgegaan. Suid-Afrika bly 'n aktiewe deelnemer in hierdie forum van sistemies-belangrike ontwikkelde en ontluikende mark-ekonomieë. Die forum fokus vanjaar onder andere op mededinging in die finansiële sektor, fiskale ruimte vir maatskaplike bemagtiging, en skoon energie. Daarbenewens het die aktiewe betrokkenheid van die forum bygedra tot vordering met die hervorming van die Bretton Woods-instellings, veral met betrekking tot kwotas en die finansies van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF).

Die Bank maak steeds deur middel van die SARB-Kollege (Kollege) 'n bydrae tot opleiding in Afrika in samewerking met internasionale opleidingsinstellings en sentrale banke. Die Kollege was gasheer vir die inwoondeel van die IMF se kursus oor finansiële programmering en beleid, asook 'n kursus vir Afrika-lande oor eksterne kwesbaarheid. Voorts het die Kollege saam met die Wêreldbank-Instituut 'n hoëvlakseminaar aangebied oor kapitaalvlug in Afrika suid van die Sahara.

Interne administrasie

Die Bank se *Jaarverslag* is voor hierdie vergadering aan aandeelhouers versprei. Die Bank se totale bates het van R220 miljard aan die einde van Maart 2007 tot R300 miljard aan die einde van Maart 2008 gegroei. Die toename was hoofsaaklik die gevolg van die opbou van die amptelike goud- en buitelandsevalutaresewies en is hoofsaaklik gefinansier deur 'n toename in regeringsdeposito's, die uitreiking van Reserwebank-skuldbriewe, 'n toename in banknote en munte in omloop asook die uitwerking van waardasie-aansuiweringe weens wisselkoers- en goudprysbewegings op die netto reserwes. Hierdie aansuiweringe word weerspieël in die toename in die Goud- en buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreserwerekening.

Die Bank se voorbelaste wins het van R2 907 miljoen in die vorige finansiële jaar tot R3 475 miljoen in die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2008 toegeneem. Die Bank se begrote uitgawes vir die huidige finansiële jaar beloop R1,9 miljard.

Die vier filiaalmaatskappye van die Bank, naamlik die Suid-Afrikaanse Muntmaatskappy, die Suid-Afrikaanse Banknootmaatskappy, die Korporasie vir Openbare Deposito's en SARBCIC, die Bank se inhuus-versekeringsmaatskappy, het gedurende die finansiële jaar hul doelwitte bereik. Na oorweging van verslae deur hul onderskeie direksies en interne en eksterne ouditeure, is die Bank tevrede dat die filiale bestuur word in ooreenstemming met hul doelwitte en beste gebruike vir korporatiewe beheer. Die finansiële resultate van die filiale word op 'n gekonsolideerde grondslag saam met dié van die Bank in die *Jaarverslag* weergegee.

Die Bank se aandele verhandel sedert 1 Oktober 2005 deur middel van 'n oordie-toonbank-fasiliteit. Gedurende die tydperk 1 April 2007 tot 31 Maart 2008 is 42 transaksies ten opsigte van 69 516 aandele van die Bank beklank.

Menslike hulpbronne is steeds 'n belangrike fokuspunt vir die Bank. Aan die einde van Maart 2008 was daar 1 896 permanente werknemers en 48 kontrakwerkers in diens van die Bank. Die personeelomset het ongeveer 7 persent beloop, wat aansienlik minder as die gemiddeld van ongeveer 11 persent in die banksektor is. Die Bank het ten opsigte van billike indiensneming op rassegrondslag van 43 persent swart werknemers in 2000 tot 58 persent in 2008 gevorder. Die Bank se oorkoepelende doelwit van 50 persent swart werknemers is dus behaal en verbygesteek. Op bestuursvlak word 44 persent van poste deur swart werknemers gevul, vergeleke met 18 persent in 2000. Algehele geslagsverteenvoering het verbeter van 42 persent vroulike werknemers in 2000 tot 47 persent in 2008. Die doelwit van die Bank is om 50 persent vroulike werknemers op alle vlakke teen 2011 in diens te hê.

Prestasiebestuur in die Bank het die afgelope jaar spesiale aandag geniet. Hierdie aangeleentheid is in die Bank se *Sewende Jaarverslag oor die Plan vir Billike Indiensneming aan die Departement van Arbeid* as die enigste oorblywende struikelblok vir billike indiensneming geïdentifiseer. 'n Spesiale taakspan is aangestel om beste gebruike ten opsigte van prestasiebestuur na te vors, te ondersoek en te vergelyk. Die verslag is gefinaliseer en deur die Bank se Vergoedingskomitee goedgekeur.

In die Bank word 'n hoë premie op die welstand van personeel geplaas. Ter bevordering hiervan het die Bank opgegradeerde en moderne klinieksfasiliteite ingerig. Ten einde MIV/Vigs te bestuur, is voorkomstoetse voltooi, toneelopvoerings aangebied om bewustheid onder personeel te bevorder, en word eweknie-berading en voorligtersopleiding in werking gestel.

Die Bank het opleiding en ontwikkeling nog altyd as van uiterste belang beskou. Gedurende die afgelope finansiële jaar is nagenoeg R33 miljoen aan opleiding, ontwikkeling, studiehulp, beurse, vaardigheidsontwikkelingsheffings en opleidingstoelaes bestee. Die Bank se kadetinnome is van 10 verlede jaar tot 17 in 2008 vermeerder. Die Kollege het 'n strategiese vennootskap met die Universiteit van Suid-Afrika en die Instituut van Bankiers in Suid-Afrika gevorm om 'n nasionaal-erkende kwalifikasie, naamlik 'n gevorderde diploma in sentrale bankwese, aan te bied wat ook vir die kadetopleidingsprogram voorgeskryf word.

'n Aantal hoëvlak-werkswinkels en -seminare oor gespesialiseerde onderwerpe is deur die Kollege gereël. Die tweede tweejaarlikse konferensie oor uitdagings vir monetêre beleidmakers in ontluikende markte sal in Oktober 2008 gehou word.

Sakevoortsettingsplanne is ontwikkel en met sukses vir al die belangrikste besigheidsprosesse getoets. Die Bank dra steeds by tot die vestiging en instandhouding van 'n veerkragtige sakevoortsettingsvermoë in die breër finansiële sektor, insluitend die kontantbestuursbedryf.

Opgradering van die ononderbroke noodkragtoevoer by Hoofkantoor vorder na wense. Die doel is om te verseker dat die Bank in geval van onbeplande kragonderbrekings sy werk sal kan voortsit. Die Bank het ook met 'n projek begin om doelmatige energieverbruik en omgewingsvriendelikheid in sy geboue te ondersoek. Hierdie projek behoort tot 'n besparing in die verbruik van elektrisiteit en brandstof te lei.

Die beplanning van verskeie projekte by die Bank se takke om die doelmatige verspreiding van kontant te verseker, is op dreef. Die beoogde nuwe gebou vir die Bloemfontein-tak is in 'n ontwerpstadium en tenders word ingewag vir uitgebreide opgraderings en veranderings

aan die bestaande Oos-Londen-tak. 'n Nuwe kafeteria by die Pretoria-Noord-tak is voltooi. Voorts sal die Kaapstad-toringblok opgegradeer word en grootskaalse herstelwerk word vir die Johannesburg-tak in die vooruitsig gestel. By Hoofkantoor is groot projekte voltooi om die bestaande infrastruktuur te verbeter. Dit sluit in die vervanging van matte, modernisering van hysbakke en instandhouding van die lugversorgingstelsel. Daar is ook begin met die opgradering van die brandbeveiligingstelsel en die ontruimingstelsel asook 'n projek om toegang vir mense met fisiese gestremdhede te vergemaklik.

Slot

Na verwagting sal internasionale en plaaslike ontwikkelings in die komende jaar steeds 'n uitdaging vir monetêre beleid inhou. In die internasionale markte sal meer wisselvallige toestande na verwagting voortduur en groei in die nywerheidslande sal waarskynlik verder afplat. Vooruitsigte vir kommoditeitspryse is dus onseker, wat 'n moeilike omgewing vir monetêre beleid skep. Die Bank sal daarop bly fokus om inflasie tot binne die inflasiemikpuntgebied af te bring. Die oogmerk van die Bank is steeds om lae inflasie in belang van volhoubare ekonomiese groei te bereik en te handhaaf.

In tye van onbestendigheid in internasionale markte is waaksaamheid oor die betaalstelsel, die plaaslike finansiële markte en veral die bankstelsel nog belangriker. Ná die suksesvolle implementering van Basel II sal die Bank voortgaan om plaaslike banke noulettend te moniteer ten opsigte van die moontlike invloed van internasionale ontwikkelings sowel as die invloed van strengere kredietvoorwaardes op skuldbelaaide huishoudings en ondernemings.

Personeelontwikkeling sal een van ons strategiese oogmerke bly. Daar sal volgehoue fokus op opleiding en ontwikkeling wees teen die agtergrond van die Bank se plan vir billike indiensneming. Toepaslike opleiding bevoordeel die individu sowel as die Bank en die breër ekonomie.

Dankbetuigings

Ek bedank graag die Presidensie, die Regering en die Parlement vir hul voortgesette ondersteuning. Deur die stelsel van bilaterale komitees het die Bank 'n goeie werksverhouding met die Nasionale Tesourie gehandhaaf. Hierbenewens wil ek die Minister en Adjunkminister van Finansies asook die Direkteur-Generaal van die Nasionale Tesourie en sy personeel vir hul voortgesette ondersteuning en samewerking bedank.

Ek is ook opregte dank verskuldig aan raadslede vir hul onvermoeide werk om toepaslike korporatiewe beheer in die Bank te verseker. Ek verwelkom mnr. Elias Masilela wat as regeringsverteenvoerder in die Raad aangestel is. Hy neem die plek van prof. Vishnu Padayachee wie se ampstermyn verlede jaar verstryk het. Ek maak van hierdie geleentheid gebruik om prof. Padayachee te bedank vir sy gewaardeerde bydraes tot die werksaamhede van die Bank die afgelope jare. Die suksesvolle wyse waarop uitdagings die afgelope jaar die hoof gebied is, is te danke aan die volgehoue toewyding van die visepresidente, bestuur en personeel van die Bank. Ek bedank almal vir hul bydraes en is oortuig dat hierdie pogings sal verseker dat die komende jaar selfs meer suksesvol sal wees.